Saterdag **31 Augustus**

**Skrifgedeelte: Openbaring 2:8-11**

**Fokusgedeelte: Openbaring 2:8b**

**Julle behoort aan my**

Hierdie besondere brief aan die gemeente van Smirna (vandag in Turkye) is deur ons Here Jesus self geskryf. Hy stel Homself bekend as die "Eerste en die Laaste" (vs 8). Hy wat moes ly en sterf as betaling van sy kinders se sonde, maar wat as Oorwinnaar opgestaan het uit die dood en ewig lewe. Van Hom kom die troosvolle versekering: "Ek ken julle ..."

Ons Here ken die werklikheid van die stukkend van hierdie lewe, ook ons leefwêreld van vandag, 2024. Hy ken verdrukking, kwaadstokery teen sy kinders en armoede (vs 9). Daar mag 'n tyd kom dat kinders van ons Here, ter wille van hulle geloof, selfs in die tronk gegooi kan word (vs 10). Moeilike tye, sê "Hy wat ons ken".

Die antwoord van ons Here op die werklikheid van moeilike omstandighede, klink nie, moet ons erken, met 'n eerste oogopslag na 'n boodskap van bemoediging nie. Ons Here gee eenvoudig twee opdragte: Moenie bang wees nie, en bly getrou!

Waarom hoef ons nie bang te wees nie? Ons Here verklaar met groot sekerheid: "Ek ken julle verdrukking en julle armoede, en tog is julle ryk" (vs 9). Dit is asof ons Hom hoor sê: "Ek weet presies hoe lyk julle leefwêreld en dat julle swaarkry. My troos aan julle is dat julle ryk is ... skatryk!" Hierdie rykdom kan nie gemeet word in rand en sent nie, nee, dit gaan oor julle identiteit. Julle rykdom en troos lê daarin dat julle aan My behoort. Ek is die Eerste en die Laaste wat alles weet en alles beheer en julle is myne. Sê dit nie vir jou genoeg nie? Daarom hoef jy niks hier op aarde te vrees nie. Groter as enigiets wat jou bang maak of ontstel, is Ek.

Glo dit en vertrou My!

*Sing: Skrifberyming 15-3:1, 3, 5*

*Dr. SP (Fanie) van der Schyff (Pretoria-Brooklyn)*